

# 23

## HERSIENING

### Ek onthou wat ek geleer het

#### DOEN VOORAF

- Reël vir verversings na die klas.
- Skaf pryse aan vir die span wat wen. (Klein lekkertjies of klein pakkies biltong, ensovoorts.)

#### KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

#### VANDAG DOEN ONS

#### BEGIN SO

- Verdeel die klas in twee spanne.
- Laat elke span vir hulle 'n naam kies (Hasies of Olifantjies, ensovoorts).
- Laat hulle 'n ent van mekaar af sit.
- Almal se boeke moet ingeneem word sodat hulle nie daarin kan loer vir die antwoorde nie.
- Vra die vrae om die beurt en hou telling van die regte antwoorde.
- As 'n span reg antwoord, kry hulle 2 punte.
- As hulle verkeerd antwoord, kan die ander span antwoord vir een punt.

#### VASVRAKOMPETISIE

- 1 Wat was die man wat siek geword het en by wie 'n Israelitiese meisie gewerk het, se naam? (*Naāman.*)
- 2 Watter siekte het hy gekry? (*Hy was melaats.*)
- 3 Wat het die dogtertjie vir hom gesê? (*Dat God hom gesond kan maak.*)
- 4 Na watter profeet moes hy gaan? (*Elisa.*)
- 5 Hoeveel keer moes die man homself in die rivier was? (*Sewe keer.*)
- 6 Kan julle onthou wat die rivier se naam was? (*Jordaanrivier.*)
- 7 Wat leer ons by die dogtertjie? (*Ons moet vir ander mense van die Here vertel en van hoe magtig die Here is. Dan kan hulle ook in Hom glo.*)
- 8 Wie het vir Maria vertel dat sy 'n baba gaan kry? (*Die engel Gabriël.*)

- 9 Na watter stad het Maria en Josef gegaan om getel te word? (*Betlehem.*)
- 10 Waar het hulle geslaap en is die baba gebore? (*In 'n stal.*)
- 11 Waar het Maria die baba neergelê? (*In 'n krip.*)
- 12 Vir wie het die engel in die oop veld vertel dat die baba gebore is? (*Skaapwagters.*)
- 13 Hoe het die sterrekykers geweet die baba is gebore? (*'n Vreemde ster het verskyn.*)
- 14 Watter geskenke het hulle vir die baba gegee? (*Goud, wierook en mirre.*)
- 15 Wat was hierdie baba se naam? (*Jesus.*)
- 16 Wie het ons van ons sonde kom verlos? (*Jesus.*)
- 17 Wat beteken dit dat Jesus ons verlos het? (*Hy gaan in ons plek vir ons sondes gestraf word.*)
- 18 Waaraan moet ons dink as ons Kersfees geskenke kry? (*Dit moet ons laat dink aan Jesus. Hy is God se groot geskenk aan ons.*)
- 19 Wat moet ons terugverwag as ons iemand gehelp het? (*Ons moenie iets terugverwag nie.*)
- 20 Wat het Jesus gesê, hoekom moet ons mekaar help? (*Omdat ons lief moet wees vir mekaar.*)
- 21 Wat beteken die volgende? *Jou linkerhand moet nie weet wat jou regterhand doen nie. (Dit beteken ons help mekaar nie om gesien te word of om iets terug te kry nie.)*
- 22 Hoekom is Daniël in die leeu kuil gegooi? (*Omdat hy aangehou het om God te aanbid.*)
- 23 Hoe praat God met ons? (*As ek die Bybel lees, of na iemand luister wat dit lees of preek.*)
- 24 In hoeveel dae het God die hemel en die aarde gemaak? (*Ses dae.*)
- 25 Wat kan jy onthou van Abram en Sara? (*Verskillende antwoorde is moontlik: Hulle het nie kinders gehad nie. Die Here het hulle in 'n ver land gaan roep. Hul seun se naam was Isak. Ensovoorts.*)
- 26 Noem twee dinge wat 'n dominee se belangrikste werk is. (*Om te preek, kategese te gee, huisbesoek te doen.*)
- 27 Wat noem ons die reëls wat die Here vir ons gegee het om te wys hoe ons moet lewe as ons lief is vir Hom? (*Die tien gebooie.*)
- 28 Wat is die kerkgebou in die Bybel se tyd genoem? (*Tempel.*)
- 29 Wat mag jy ook soos Jesus doen as jy bang is? (*Bid.*)
- 30 Wat het Jesus vir Petrus gesê toe hy begin sink? (*Om nooit op te hou om in Hom te glo nie.*)
- 31 Wat het Josef vir sy broers gedoen al het hulle hom baie sleg behandel? (*Hy het sy broers vergewe.*)
- 32 Wat gebruik dominees as hulle vir mense van God vertel? (*Die Bybel.*)
- 33 Kan julle 'n paar dinge opnoem wat in die erediens gebeur? (*Seën, sing, tien gebooie, doen belydenis, lees Bybel, preek, bid, gee dankoffer.*)

## **BY DIE HUIS**

### **Doen**

- Laat hulle met hul ouers gaan gesels oor wat hulle alles op Kersfees gaan doen.
- Laat hulle veral praat oor hoe belangrik dit is om op Kersdag kerk toe te gaan.

### **AFSLUITING**

- Sluit af met gebed.
- Almal gaan geniet verversings as dit so gereël is.